DEEL 116 | WEEK 33 | 16 AUGUSTUS 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BOERE MOET PARAAT WEES




Die landbougemeenskap in Heilbron en Frankfort verkeer tans in 'n toestand van hoë waaksaamheid en spanning na 'n reeks inbrake wat moontlik verband hou met 'n georganiseerde sindikaat. Boere in die omgewing is gewaarsku om hul sekuriteit op te skerp nadat minstens sewe voorvalle binne die afgelope week aangemeld is.

Die eerste voorval het Dinsdagoggend op 6 Augustus 2024 plaasgevind op die plaas Koppieskraal van Willie en Ellen-Louise Dreyer. Volgens Ellen-Louise vermoed hulle dat die verdagte iewers tussen 00:00 en 02:00 die huis moes binnedring deur die sitkamervenster. Die aluminium-skaniere en venster is versigtig verwyder. Tot hul verbasing het die huisdiere geen geluid gemaak nie, en die gesin was onbewus van die inbraak totdat hulle die volgende oggend opgemerk het dat hul Toyota Land Cruiser vermis is. Die polisie is onmiddellik in kennis gestel en ondersoeke is aan die gang. Die Metro-polisie in Johannesburg het later die voertuig opgemerk, en het die drywer gemaan om af te trek, maar die verdagte het die tekens geïgnoreer en versnel. Later het hulle tot stilstand gekom, uit die voertuig gespring en die toneel gevlug, maar geen arrestasie kon gemaak word nie.

Nog 'n voorval het verlede week Woensdag plaasgevind op Johan Germishuys se plaas Parys in die Heilbron-Frankfort omgewing. Op 7 Augustus omstreeks 03:40 het die huisalarm afgegaan, maar na ondersoek het Johan niks verdag gevind nie. Dit was eers die volgende oggend dat hy besef het 'n venster is verwyder, presies soos by die Dreyer-huis die vorige aand.

Donderdagaand, 8 Augustus, het Johan van Rooy, wie se plaas MC Ivor slegs twee kilometer van Johan se plaas geleë is, 'n soortgelyke ervaring gehad. Sy honde het hom wakker gemaak, en toe hy gaan ondersoek instel, het hy opgemerk dat 'n venster by hom ook verwyder is. Alhoewel die verdagte op kringtelevisie gesien kon word, kon hy nie geïdentifiseer word nie, weens sy gesig bedek is.

Op 11 Augustus omstreeks 19:00 Sondagaand, was die verdagte weer aktief. Hierdie keer op Fanie Snyman se plaas, Jakkelskop. 'n Groot stuk sleperhout is gebruik om vermoedelik op te staan om die kamera te skuif, wat veroorsaak het dat dit omval en Fanie gewaarsku is oor verdagte aktiwiteite. Die boerevereniging se lede het die omgewing deursoek, maar kon niks vind nie.

Darna op Dinsdag, 13 Augustus het Simon Germishuys, Johan se seun, 'n verdagte geluid by sy plaashuis opgemerk ongeveer 11:30 die aand. Hy het gehoor hoe iemand aan sy deur vroetel, maar hulle kon nie die huis binnegaan nie. Op die plaas se kameras kon 'n flitslig opgemerk word, wat sy bewegings toon. Johan verduidelik dat die persoon homself inlig oor die ligging van die sekuriteitskameras, en dat hulle vermoed dat dit dieselfde persoon is wat die vorige week by Johan van Rooy en sy eie huis was.

In die Moerdersdeel-omgewing is daar ook twee voorvalle aangemeld, insluitend een van Petri Leonard se plaashuise en 'n ander by die Grant's huishouding. Die Grant's het die oggend wakker geword met hulle honde wat dood aangetref is en hulle Mahindra voertuig is vol gereedskap gepak. Daar word vermoed dat die voertuig se battery pap was, wat die persoon verhoed het om als te steel.

John Keogh, Voorsitter van die Heilbron Plaaswag het sy kommer uitgespreek oor die gebrek aan polisiehulpbronne. Hy beweer dat die plaaslike polisie slegs twee voertuie tot hul beskikking het om die hele gemeenskap te dien, wat die gemeenskap kwesbaar laat. Die boere word dringend aangeraai om hul sekuriteitsmaatreëls te versterk en waaksaam te wees, aangesien sulke inbrake dikwels 'n voorloper is van meer ernstige voorvalle soos plaasaanvalle. Met die vermoede dat hierdie voorvalle deur dieselfde verdagte of groep verdagtes uitgevoer word, is daar toenemende kommer oor die veiligheid van die plaasgemeenskap. Die situasie vereis dringende aandag en samewerking tussen die gemeenskap en wetstoepassers om die veiligheid van boere en hul gesinne te verseker.







# Pensioenarisse moet nou optree!

"Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2024 begin het, moet othou dat aansoeke vir die afslag gedoen moet word voor 31 Augustus 2024" herinner Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

Om te kwalifiseer moet die applikant eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie eienaar wees van meer as een eiendom nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R9 600,00 per maand. Kortings word as volg bereken: op inkomste van R0,00 tot R5 000,00 per maand: 100% op inkomste van R5 001,00 tot R5 700 per maand: 60% op inkomste van R5 701,00 tot R7 000,00 per maand 30% en op inkomste van R7 001,00 tot R9 600,00 per maand: 15%.

Aansoekvorms vir die korting is by munisipale kantore beskikbaar en aansoeke kon vanaf 1 Julie 2024 ingedien word. "Pensioenarisse word versoek om vroegtydig hul aansoeke in duplikaat voor te berei sodat hulle 'n ontvangserkenning op die duplikaat kan laat aanbring wanneer die aansoek ingedien word" beveel raadslid Van der Merwe aan.

# Mandeladag gevier



*Die Heilbron Kliniek komitee Ds. NL Mohlamme (voorsitter), Mnr. P Lekota (ondervoorsitter), Mev L Roodt (sekretaresse), Kaptein Nonyana (lid) en Ds. P Nketle (assosieer) het die 9de Augustus, Mandeladag by die Heilbron kinderhuis gevier met heerlike eetgoed.*

## HEILBRON Kliniek




# Breast Feeding

*• Heilbron Clinic*

**Enough Milk?**

- Breast milk is produced in response to your baby's suckling on the breast and the amount of milk removed through suckling. This milk is produced when the baby suckles and feeds on your breast.
- When your baby suckles at the breast, they release hormones responsible for the production and flow of milk.
- If you need to increase your milk production, your baby should be put to your breast more often to suckle. The suckling of your baby will stimulate your breast to produce more milk.
- If you don't limit the duration and frequency of feeds and your baby is properly attached to the breast, you will have enough milk for your baby.

**Breast is Best**

Your baby (who is exclusively breastfed) is getting enough milk if:

- There are 2-4 wet nappies per day when the baby is less than 3 days old. Older babies should have 6-9 wet nappies per day.
- Exclusively breastfed babies may have 1 stool in 4 days, but 5 stools in 1 day is also normal. If the baby only has 1 stool in several days, the volume should be enough to fill the nappy.
- The baby is gaining sufficient weight according to the Road to Health Booklet.
- The baby feeds on demand, at least 8-12 times per 24 hours, without any time restriction per feed, and receives no other foods or drinks.
- The mother can hear the baby swallow during feeds.
- The baby is happy and content when awake.

**Risks of Supplements During the First 6 Months**

Giving your baby water or any other drink or food too early can lead to low milk production, allergies, or illness.

**Rooming-In & Feeding on Demand**

- Rooming-in allows babies to breastfeed whenever they are hungry and reinforces bonding and closeness, which should continue at home.
- Babies and mothers should be together day and night, with no more than one hour of separation for hospital procedures.
- Newborns will want to breastfeed about every one to three hours in the first two to seven days, but it can be more frequent.
- Your baby should feed between 8-12 times in 24 hours.
- Night feeds are important to ensure adequate stimulation for milk production and transfer, and for fertility suppression.
- If your baby cries, check for a wet or dirty nappy. If your baby is comfortable, put them on the breast to feed.
- Feed your baby for as long as they want to feed. Limiting the duration of a feed will result in lower milk production, and your baby will grow slower because they will receive mainly foremilk.
- When your baby lets go of the breast, falls asleep, or stops suckling, take them off the breast, wind them, and then put your baby on the other breast to feed.
- If your baby sleeps longer than 4 hours during the daytime, wake them for feeding. Your baby can be allowed slightly longer sleep periods during the night, e.g., about 5 hours.

POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE:
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30

Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON,
Tel: 058 853 0006

# UIT DIE PEN: Week 33



Dis mos ekke wat verlede week so gespog het oor my gestappery (sonder 'n kruk en sonder die maanstewel). Ek is jammer ek het, want nà die oefensessie het ek gebrul van die pyn. Ek stuur 'n WhatsApp aan Paul, die fisioterapeut.
"Ek wil net laat weet dat dit baie seer is. Jou martelaar."
Hy skryf terug dat ek baie hard geoefen het en dat dit vir ten minste twee dae gaan seer wees. Ek doen alles beter, dink ek. Twee dae word vier dae. Eers daarna kon ek weer so voel-voel op my been trap.
Dit laat my dink aan die baie onvanpaste grappie. Die man vertel vir sy vriend: "Ek het my voet neergesit. Ek het vir my vrou gesê dat ek nie meer die skottelgoed of die wasgoed gaan was nie. Ek gaan ook nie meer stryk nie."
Sy vriend vra hoe dit afgeloop het? Die man sê: "Die eerste dag kon ek nie 'n verbetering sien nie. Die tweede dag wel, maar die derde dag kon ek deur altwee oë sien."
Ja, kruisig my maar. Ek het jou wel gewaarsku dat dit baie onvanpas is, en dat dit 'n grappie is. Stry, jy het gelag, het jy nie?
Dis amper hoe ek nà verlede week se sessie by Paul gevoel het. Teen die vierde dag kon ek darem voel dat dit nie meer so seer is nie.
Ek was Dinsdag weer by Paul. Smaak my ek kan myself nie daarvan weerhou om my te laat seermaak nie. Ten minste betaal die mediese fonds daarvoor. En ek is baie dankbaar daaroor.
Nadat ek weer my seerkrylot by hom bekla het, vryf en knie hy my enkel. Net vir 'n oomblik, want toe moes ek sonder die krukke tot by die dwarsbalk loop. En wèèr op die trampolien klim. Het ek nie al voorheen gesê dat dit seer was nie? Helaas. Geen simpatie in Paul se linkeroog nie. (Hy sukkel nog om uit die regteroog te sien...)
Stap met lae knieë op die trampolien. Staan op my tone. Stap met hoë knieë op die trampolien. Ek dink ons kan met veiligheid vir mekaar sê dat hy nie van my pyn kan onthou nie. Af van die trampolien af, langs die dwarsbalk.
Ek hou met my regterhand vas, tree vorentoe met my linkervoet en volg met my regtervoet. Ek vra hoekom hy my nie eerder vra om my regtervoet op die dwarsbalk te sit en daaroor te strek nie. Hy lag vir my. "Doen dit as jy kan."
Moenie my *dêr* nie, dog ek.
Ek staan op my linkerbeen (die gesonde ene), sit my regtervoet op die dwarsbalk en strek. Paul lag net. Ek dink hy het so half gewoond geraak aan sy *maltrappasiënt*. As ek nie in trane uitbars nie, doen ek snaakse strekoefeninge. *Sjym*, Paul, jou sielkundige sal jou dilemma verstaan, dink ek.
Ek staan langs die dwarsbalk, my regterhand op die balk. Ek tree vorentoe met my linkervoet en volg op met my regtervoet. Tien keer. Ek draai om en doen dieselfde, hou met my linkerhand aan die dwarsbalk vas en gee 'n tree vorentoe met my regtervoet, volg op met my linkervoet.
By die derde repetisie druk-druk Paul my lyf na die regterkant. Ek dog ek slaan neer. Ek het al weer vergeet dat ek moet seker maak dat ek moet oplet dat my middelpunt nie meer na links neig nie. Ek moet konsentreer: trek boudspiere saam, lig linkervoet op. Trek my lyf meer na regs. Konsentreer om nie om te val nie. Trek bobeenspiere saam, moenie na links lê nie. So baie dinge om aan te dink.
Hy gaan haal 'n boksie wat 'n trappie is. Ek moet met die linkerhand aan die dwarsbalk vashou, op die linkerbeen staan en my regterbeen op die trappie sit. Tien keer. Maar soos fisioterapeute is, tel hy nie so lekker nie.
Daarna moet ek omruil, steeds vashou met die linkerhand, maar die regterbeen op die trappie sit. Met 'n groot gesukkel. Ek is seker dat die trappie baie hoër is al die trappies wat ek al geklim het.
Ek kry dit reg al voel dit of my regterbeen in twee gaan breek. Dit bewe en is seer. Vir my was die wonder dat ek weer op my been kan trap.
Ek het so paar weke gelede vertel van my vrees om dit te kan doen, en toe met my vriend wat toevallig 'n sielkundige is, gesels. Later vertel vriend my dat daar regtig so 'n vrees is. Ek was die eerste wat hom daarvan bewus gemaak het. Net nadat ek met hom daaroor gesels het, kry hy 'n nuwe pasiënt wat van 'n perd afgeval het. Sy het presies dieselfde vrees. Ek voel asof ek kan asemhaal. Ek is nie alleen nie en my vrees is nie irrasioneel nie.
Met al die videos wat ek aangaande die rehabilitasie van 'n gebreekte fibula gekyk het, was daar net een fisioterapeut wat oor die vrees gesels het. "And the fear is real," sê sy. Alhoewel diegene rondom my gewonder het of my varkies nog op hok was. Wel, hulle wonder die meeste van die tyd daaroor.
Ek wonder vandag hoekom ons soms ons vrese wil wegmaak as iets wat nie bestaan nie? Ek stem saam: sommige vrese kan soos nonsens klink, maar vir die lyer is dit regtig.
Ek dink dis tyd dat jy jou vrees herken en daarna werk maak daarvan. Jy hoef nie medikasie daarvoor te neem of 'n psigiater te gaan sien nie. Jy kan dalk meer daaroor nalees en jou liggaam begin oefen om dit te oorkom.
Ek kan vir jou 'n brief met 'n *polisietjap* daarop gee: wanneer jy dit die dag oorkom, gaan jou lewe verander.
(Waar ek hier sit en skryf, is dit twee dae nadat Paul my weer laat trampolien loop het, en ek het nie so baie pyn soos wat ek gedink het nie. Dankie, Paul, dat jy my weer help loop het.)

# INSPIRASIE RESEPTE


Pasch du Plooy

**BREADS**

This recipe is used at almost every event. We just change the topping. It is so easy and foolproof. Once you have it once, it will become a staple in your baking repertoire.

Preparation time – 12 hours | Cooking time – 25-30 minutes

Serving – 12 people

**Ingredients for the Overnight focaccia**

1 kg white bread flour, 16 g yeast, 20 ml salt

10 ml honey/brown sugar, 30 grams butter

60 ml olive oil & 30ml extra for later

750 ml tap water, 250 ml boiling water, 4 tbs butter

**Bread toppings**

1 cup roasted butternut, cut into rough 1.5 cm cubes

½ cup crumbled plain feta cheese

½ cup caramelized onions, Honey

**Method for the Focaccia**

The evening before you want to bake your focaccia, you need to start the dough. To start, mix the flour, yeast and salt in a bowl with a whisk. In a separate bowl, add the tap and hot water and dissolve the honey in the warm water. Now pour the honey and water over the flour mixture and mix with a spatula or wooden spoon until well combined. Once all the flour in incorporated, drizzle the dough with 60 ml olive oil. Rub olive oil all over dough, seal the bowl well with clingfilm and store the dough in the fridge overnight.

The next day generously butter a deep baking tray (20 cm x 30 cm) and pour rest of olive oil into the tray. Remove the dough from fridge and gently pull the dough away from the bowl and tipping it into the oiled tray. Roughly pull the dough into a rectangle to fill the whole tray. Cover the baking tray with clingfilm and leave the dough in a warm spot 2-4 hours to rise. Pre heat your oven to 220 degrees.

Once the dough has doubled in size and has lots of bubbles on the surface, you are ready to bake. Spread your bread toppings evenly over the dough, and lightly press them into your dough with your fingers. Now drizzle with more olive oil, sea salt and honey. Bake for 25 minutes. Remove from pan and place on cooling rack.

**How to serve**

Serve with balsamic and olive oil dip before your meal or with fresh mozzarella cheese, marinated tomatoes and fresh basil as a starter.

**Chef's notes**

Bake without the bread topping and only add, salt and fresh rosemary for a quick alternative.

# Troukoors



*Russel en Christelle Loft is getroud op 6 Julie 2024 te NG-Kerk Moedergemeente. Russel is die seun van Stephen en wyle Ansa Loft van Kempton Park. Christelle is die dogter van wyle Christo en Connie Jansen van Rensburg vanaf Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*

# Ngwathe verwelkom nuwe bestuurders

Die Ngwathe plaaslike Munisipaliteit het uiteindelik 'n nuwe Munisipale Bestuurder aangestel. Dr. Futhuli Mothamaha. Die Raadslede het sy permanente aanstelling verlede week tydens 'n spesiale raadsvergadering goedgekeur. Mothamaha was sedert Mei vanjaar die Waarnemende Munisipale Bestuurder van Ngwathe. Die afgelope 18 maande het Ngwathe gesukkel om die pot aan die kook te hou, met byna al die top bestuursposisies wat sedert verlede jaar vakant was. Dit sluit die sleutelposisie van Hoof Finansiële Beampte, Direkteur van Korporatiewe Dienste, en Direkteur van Gemeenskapsdienste in. Ngwathe se vorige permanente aangestelde Munisipale Bestuurder, het 18 maande gelede skielik en op kort kennisgewing bedank, waarna die munisipaliteit gesukkel het om die aanstellingsproses vir 'n nuwe Munisipale Bestuurder, binne die gegewe tydsraamwerk te voltooi. Mothamaha was die derde munisipale bestuurder, wat deur die provinsie vir die posisie afgevaardig is. Die aanstelling van 'n Munisipale Bestuurder is nie net belangrik vir die bestuur van die munisipaliteit nie, maar ook vir die aanstelling van geskikte kandidate in al die ander sleutelbestuursposisies. In die afgelope drie maande as Waarnemende Munisipale Bestuurder het Mothamaha, sterk leierskap getoon deur dadelik op te tree om die voortdurende waterkrisis in Heilbron op te los, deur onderhandelings met Rand Water. As gevolg hiervan het Heilbron-inwoners nou vir die eerste keer in maande weer water in hul krane. Mothamaha het 'n doktorsgraad in Besigheidsadministrasie en is nie onbekend in plaaslike regering nie, het die woordvoerder van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, Steve Naale, vroeër gesê. Hy was voorheen die munisipale bestuurder van die Maluti-a-Phofung Munisipaliteit, wat die dorpe Harrismith, Kestell, en Phuthaditjhaba insluit. Hy was ook 'n voormalige direkteur in die kantoor van die Direkteur-Generaal van die Vrystaatse Premier, 'n voormalige direkteur van Streeks Ekonomiese Ontwikkeling, Toerisme en Landbou, 'n waarnemende direkteur vir Sport, Kuns en Kultuur (beide in Maluti-a-Phofung), Program implementeringsbestuurder vir Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkeling en Munisipale Ondersteuning vir die Onafhanklike Ontwikkelingstrust (Limpopo Streekkantore), adjunkdirekteur vir Finansiële Ondersteuning en Openbare Rekenskap (Munisipale Finansies in die Vrystaatse Departement van Plaaslike Regering en Behuising), distrikbestuurder: Plaaslike Regering in die Fezile Dabi Distrik, en waarnemende senior rekenpligtige beampte in die Inkomste Departement in Manguang Metro. Hy het ook 'n Meestersgraad in Besigheidsadministrasie, 'n Meestersgraad in Ontwikkelingstudies en 'n B.Tech-graad in Openbare Administrasie, sowel as 'n Nasionale Diploma in Munisipale Administrasie en 'n sertifikaat in Ekonomiese Ontwikkeling. In 'n boodskap aan die gemeenskap het Mothamaha gesê dat hy bly is om deel te wees van die munisipaliteit. "As 'n munisipaliteit sal ons altyd daarna streef om plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder terwyl ons uitstekende gehaltedienste lewer. Inderdaad, ons kernwaardes van deursigtigheid, toewyding, aanspreeklikheid, integriteit, en demokrasie sal ons pad na die toekoms rig. Hierdie span wat ek lei, is daartoe verbind om stabiliteit te verseker deur die ekonomie te laat groei, inkomste te versamel, en beleggings te versterk," het hy afgesluit. Sy aanstelling is deur opposisiepartye in die raad verwelkom.

# Phiritona en Sandersville bekommerd oor gesondheidsrisiko van rioolprobleme

Inwoners van Phiritona en Sandersville, asook die omgewing rondom die ou lughawe, het ernstige kommer uitgespreek oor die gesondheidsrisiko's en die ondraaglike stank wat deur die voortdurende rioolprobleme veroorsaak word.

Die situasie het nou al weke lank onveranderd gebly, en die gevolge daarvan is oral sigbaar. 'n Inwoner wat nie meer met die reuk kan saam lewe nie beweer dat die Munisipaliteit van die riool weet maar niks word gedoen nie. By die ou lughawe, stroom rou riool vanuit 'n klomp dreine direk in die spruit in. Dit skep nie net 'n ekologiese krisis nie, maar dra ook by tot die verergering van die gesondheidsgevare in die gemeenskap.

Mnr. Frik Marais, 'n bekommerde inwoner, het aangedui dat daar 'n massiewe waterlek in die gebied is waar liters water al vir twee maande lank vermors word. Hy het die lek reeds by die munisipaliteit aangemeld, maar tot sy frustrasie is daar nog geen aksie geneem om die probleem op te los nie. Die situasie word verder vererger deur die munisipaliteit se traagheid om probleme aan te spreek. Onlangs het die munisipaliteit 'n stewige bedrag van R20 miljoen aan Rand Water betaal om hul skuld te vereffen. Ten spyte van hierdie betaling is daar egter steeds verskeie waterlekke wat onopgelos bly, en indien daar wel enige reaksie is, gebeur dit eers dae later. Die inwoners van Phiritona en Sandersville, asook die gemeenskappe rondom die ou lughawe, voel al hoe meer verlate en bekommerd oor hul gesondheid en lewenskwaliteit. Hulle hoop dat die munisipaliteit spoedig sal optree om die riool- en waterprobleme aan te spreek en om verdere gesondheidsrisiko's te voorkom.



COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL
ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS
Jannie 072 279 9299
WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL
Ulectric 084 499 9937

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

*• Elmarie Els*

Die week se onderwerp fokus op wat is Vrystaat Jeugsorgsentrum, subprogram van Engo:

Vrystaat Jeugsorgsentrums is 'n niewinsgewende organisasie wat voltydse versorging bied aan kinders wat deur die Kinderhof verwyder is omdat hulle sorg en beskerming nodig het. Die diens is 120 jaar oud en het 'n holistiese uitgangspunt (wat alle lewensfasette dek). Kinders van beide geslagte en alle ouderdomme word versorg. 'n Multikulturele diens word gelewer (Afrikaans, Engels, Sesotho, Zulu en Tswana). Sentrums/wooneenhede skep 'n huislike atmosfeer vir die kinders en is binne die gemeenskappe, ook informele gemeenskappe, geleë. Kinders van die gemeenskappe wat wees is, kwesbaar is en in risiko omstandighede woon, ontvang ook hulp.

**Visie:** Vrystaat Jeugsorgsentrums is 'n finansieël erkende liefdadigheidsinstansie in die Vrystaat met opgeleide personeel en effektiewe sentrums, wat in staat is om die regte ondersteuning aan kinders te bied om as toegeruste volwassenes ʼn verskil in die lewe te maak.

**Missie:** Die missie is om in die basiese behoeftes van kinders te voorsien en hul potensiaal te ontwikkel. Spesiale aandag word gegee aan kinders wat gebrek ly, kwesbaar is en benadeel word.

**Redes vir opnames:**

- Omstandighede wat kind ernstig benadeel of risiko vir 'n kind inhou
- Verlate, wees of sonder bestaansmiddele
- Mislukte pleegsorg
- Verwaarlosing en/of mishandeling
- Onbeheerbare gedrag
- Risiko as kind sou terugkeer na ouer

**Vakansie- en naweekplasings:**

Elke kind het die behoefte aan kontak met iemand buite die kinder- en jeugsorgsentrum wat vir hom omgee en in hom as persoon belangstel. Hierdie verhouding gee betekenis aan die kind se lewe en skep vir hom hoop vir die toekoms. Die kinder- en jeugsorgsentrums moedig kinders en hul families aan om verhoudings te koester en te verstewig. Die sentrums voorsien kospakkies en vervoer aan kinders om dit vir hulle moontlik te maak om hulle families gedurende vakansies te besoek.

**Versorgings- en behandelingsprogram:**

Kinders wat in die kinder- en jeugsorgsentrum geplaas word, het gewoonlik baie trauma, verlies en misbruik beleef en het elkeen sy eie spesifieke behoeftes wat in ag geneem moet word wanneer die kind geplaas word. Na opname word daar eers in die kind se basiese behoeftes voorsien en word ondersteuning aan die kind gebied met die proses van aanpassing. Daar moet gewoonlik baie aandag geskenk word aan basiese opvoeding en die inskakeling by 'n roetine en struktuur om te verseker dat die kind veiligheid en sekuriteit ervaar. Binne die eerste drie maande word daar vir die kind 'n individuele ontwikkelingsprogram opgestel. Die kind en sy ouers word by die beplanning betrek en die kind se vrese, wense, potensiaal en ontwikkelingsbehoeftes word in ag geneem. Die maatskaplike werker van die jeugsorgsentrum is die sleutelterapeut, wat toesien dat uitvoering gegee word aan die program en wat die kind help om trauma en verliese te verwerk. Die ontwikkelingsprogram word jaarliks hersien en aangepas.

**Liggaamlike versorging:**

Maaltye word voorsien volgens 'n gebalanseerde spyskaart wat aangepas word om in die smaak van die verskillende kultuurgroepe te val. Alhoewel dit by sommige jeugsorgsentrums 'n uitdaging is om die voedselbegroting te laat klop, verseker die deurlopende in natura bydraes vanuit die gemeenskap en vanaf gemeentes dat die kinders nie gebrek ly nie. Dit is dan ook in 'n groot mate te danke aan skenkings van klere dat die kinder- en jeugsorgsentrum kan toesien dat die kinders netjies en smaakvol geklee is sodat hulle nie minderwaardig hoef te voel nie.

**Geestelike versorging:**

Kinders ontvang 'n Bybel met opname. Huisgodsdiens is deel van die daaglikse program. Al die sentrums het gereelde geestelike sessies met die kinders. Die kinders het toegang tot individuele beraders so nodig.

**Skolastiese inskakeling:**

Die kinders wat skoolpligtig is, woon openbare skole by. Feitlik al die kinders wat nuut opgeneem word, het skolastiese agterstande. Hulle het nie gereeld skool bygewoon nie of het nie die nodige stimulering en ondersteuning ontvang nie. Deur middel van arbeidsterapie en ekstra klasse word gepoog om agterstande uit te wis.

Om meer inligting te verkry is u welkom om Elmarie Els te skakel by 079 599 4135.

Engo
Child & Youth Care • Kinder- & Jeugsorg

# Inwoners neem inisiatief om lekasie te herstel





Vegkop was Woensdag en Donderdag, sonder water weens 'n waterlek by die Reservoir, op die plotte wat reeds meer as drie weke ongesiens voortgeduur het. Meloney Pretorius, eienaar van HBA Abattoir, het besluit genoeg is genoeg en het saam met haar werkers self ingespring om die lek te probeer regmaak. Meloney verduidelik dat sy Woensdag oggend vir Francis Moeketsi, bestuurder van Heilbron munisipaliteit 'n boodskap gestuur het waar sy toestemming gevra het om die lekkende pyp op haar onkostes te herstel. Francis het ingestem en het ook vir haar 'n paar werkers gestuur om hulp te bied, asook vir Roger om die pype oop en toe te maak soos nodig. Mandayi die toesighouer by Ngwhate het ook kom uithelp. Tydens die herstelproses is twee lekke op die waterpyp ontdek. Die eerste lek was makliker om reg te maak, maar die tweede een was 'n uitdaging, aangesien 'n boom se wortels om die pyp gegroei het. Shaun Hayes, Meloney en die munisipalewerkers, het knie-diep in water gestaan om die boomwortels af te sny en toegang tot die lek te verkry. Meloney het verduidelik dat hulle ingegryp het omdat die probleem reeds aangemeld is, maar daar nie veel aan gedoen is nie. Groot hoeveelhede water het verlore gegaan, en die vraag ontstaan oor wie verantwoordelik gehou sal word vir die koste daarvan. Sy het ook genoem dat die huisie waarin die stopkraan geleë is, onder water was, wat die herstelwerk verder bemoeilik het.

Die herstelproses het lank geneem, maar uiteindelik het die span die oorhand gekry. Ongelukkig na hulle die water oop gedraai het, was die drukking moontlik teveel en het daar 'n nuwe bars ontstaan. Roger is vroeg Donderdag deur na Parys om die nodige parte te kry om die nuwe lek te herstel. Meloney het verder aangekondig dat hulle volgende beplan om die lekkasie by die gholfklub aan te spreek, wat ook al vir 'n geruime tyd aanhou. Meloney bedank graag vir Shaun wat 'n voorstaander in enige uitdaging is.

# ATKV-Redenaars-kompetisie



***HOËRSKOOL REITZ-LEERDER PRESTEER ATKV-REDENAARSKOMPETISIE:***

*Kaniz Fabia, 'n talentvolle leerder van Hoërskool Reitz, het tydens die Nasionale Finaal van die ATKV-Redenaarskompetisie eerste plek behaal in die Graad 8 en 9 Afrikaans Addisionele Taal Onvoorbereid kategorie. Sy ontvang ook die toekenning vir Beste Taalgebruiker in haar kategorie.*

# Phitshana Public School achieves



*Phitsana Public School participated in mental maths at district level. Principal WT Mokoena, Maths teatcher Me MM Kheswa and Maths Teatcher Me EM Morake.*



*Phitshana Public School participated in the Cross country team which is going to Province, their teachers Mr Tsotetsi, Me ML Sejake.*



# HERALD Sport

# Setperke gaan behandeling kry

Met die pompe en watervoorsiening wat herstel is, kan lede uitsien na beter setperke op die baan. Die bestuur gaan in September die setperke "hollowtine" en kunsmis gee vir die komende groei seisoen. Dit sal veroorsaak dat daar beter water absorpsie gaan plaasvind. Volgens die kalender is heelwat kompetisies in die vooruitsig.

Simon Malgas het verlede week warm gholf gespeel en wen die HBA maandbeker met 'n netto telling van 68. Jackie Leonard was tweede met 70. Die eerste rondte van die jaarlikse putjiespel is afgehandel en word spelers gevra om rondte twee so spoedig klaar te maak.

Die Jokerdraw wat Vrydae om 19:00 plaasvind raak aan die R20 000. Dalk nie te slegte belegging nie.



*Saterdag se HBA maandbeker wenner, Simon Malgas en Jackie Leonard wat tweede was.*

# Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 2024-08-10 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Beaufort-Wes gevlieg. Die duiwe is om 07:30 gelos en hulle het oor 'n afstand van 752 kilometer terug na Reitz gevlieg. Vyf lede en 68 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 17:23 geklok.

1. Reitz Lofts 2
2. Reitz Lofts 1
3. Reitz Lofts 3
4. Wolmarans Hokke A
5. Reitz Lofts 1
6. Reitz Lofts 3
7. Wolmarans Hokke A
8. Reitz Lofts 3
9. Wolmarans Hokke A
10. Du Plessis Hokke

*Op die foto regs is Riaan Kriel en Ben Labuschagne van Reitz Lofts 2 met die wenduif.*



## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |

WINKELURE
MAANDAE TOT DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

Naas Wessels
Lewer sy getuienis van Hoop
by PitStop vir Jesus



Gratis Ingang & Ete
24 Augustus 2024
NG-Suid Kerksaal, Heilbron om 13:45
Bespreek teen 21 Aug
Tanya 083 975 8261
Met: 060 518 1775
PitStop vir JESUS

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
POSTNET HEILBRON
POSTNET Courier
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006
PostNet to PostNet
PostNet to Door
Domestic Services
International Services

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 19 AUGUSTUS 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 20 AUGUSTUS 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
HENDRINA: ASTRO ANGUS 17DE PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Driefontein
Kontak Dave Harris 082 579 7979
LADYSMITH KZN: SANDPRUIT BEEFMASTERS, AMAKOSI BEEFMASTER & GERMART DROUGHTMASTERS
11:00, plaas Oakdale
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454
WOENSDAG - 21 AUGUSTUS 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
WOLMARANSSTAD: 64STE SAVM RAMVEILING
11:00, Bona-Bona Game Reserve
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656
BLOEMFONTEIN: MERINO LANDSKAAP NASIONALE VEILING
11:00, BKB Kleinvee kompleks, Bloemskou
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
VREDE: WO BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Uitkyk
Kontak Frans 072 214 6300
DONDERDAG - 22 AUGUSTUS 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
FICKSBURG Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
HARRISMITH: OPTIMUM BOVELDER VEILING
11:00, Eeram veilingskrale
Kontak Martienie Theunissen 076 420 4115
VRYDAG - 23 AUGUSTUS 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za